**MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

# BESIGHEIDSTUDIES

## GRAAD 12

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN

## SEPTEMBER 2009

**PUNTE: 300** **TYDSDUUR: 3 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig voor die beantwoording van die vrae:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik, AFDELING A, AFDELING B. en AFDELING C.

   AFDELING A: VERPLIGTEND

   AFDELING B: Bestaan uit drie onafhanklike vrae wat alle leeruitkomstes dek soos per die WERKSKEDULE tot en met die 2de termyn.
   Beantwoord AL DRIE vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING C: Bestaan uit vier vrae wat alle leeruitkomstes dek. Antwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en antwoord slegs wat verwag word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat gebruik is in die vraestel.

4. Tensy ander instruksies gegee word moet antwoorde in vol sinne beantwoord word.

5. Begin die antwoord van elke vraag op 'n NUWE bladsy byvoorbeeld: VRAAG 1 – NUWE BLADSY, ensovoorts.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir die allokering van punte en tyd vir elke vraag.

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **1** | A: Meervoudigkeuse vrae, Waar of Onwaar, Pas items.<br>VERPLIGTEND. | 40 | 30 min. |
| **2** | B: DRIE direkte vrae.<br>Antwoord AL DRIE vrae. | 60 | 30 min. |
| **3** | | 60 | 30 min. |
| **4** | | 60 | 30 min. |
| **5** | C: Opsteltipe vrae.<br>Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | 40 | 30 min. |
| **6** | | 40 | 30 min. |
| **7** | | 40 | 30 min. |
| **8** | | 40 | 30 min.<br>(60 min.) |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 min.** |

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

**1.1** Kies die korrekte antwoord uit die vier moontlike opsies gegee. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer. (1.1.1 – 1.1.10) neer in die ANTWOORD BOEK byvoorbeeld. 1.1.11 B

1.1.1 Entrepreneurskap as 'n faktor van produksie is belangrik want ...

A. entrepreneurs is nie in staat om geleenthede te identifiseer nie.
B. deur risiko te vermy kan hul verbruikersbehoeftes bevredig.
C. dit word nie vereis van entrepreneurs om die besigheidsfunksies te bestuur nie.
D. hul kombineer die produksiefaktore suksesvol. (2)

1.1.2 Die wetgewing verseker dat gekwalifiseerde persone van die aangewese groepe 'n gelyke kans staan vir geleenthede in die werkplek:

A. Regstellende aksie
B. Werkloosheidsversekeringswet
C. Vaardigheidsontwikkelingswet
D. Swart Bemagtigingswet (2)

1.1.3 Een van die betekenisvolle voordele vir 'n onderneming wat gebruik maak van spanwerk, is dat ...

A beter resultate verkry word deur samewerking.
B dit tydrowend is.
C tegnologie 'nvereiste vir sukses is
D dit individualisme aanmoedig. (2)

1.1.4 Die funksie wat betrokke is om bewustheid van 'n onderneming se produkte te skep, staan bekend as die...funksie

A. produksie-
B. ontginnings-
C. bemarkings-
D. verkoops- (2)

1.1.5 Watter een van die volgende is 'n verpligte aftrekking van 'n werknemer se salaris?

A Regsfooie

B Hospitaalplan bydrae

C Korttermyn versekering

D Inkomstebelasting (2)

1.1.6 Dit is deel van die ... besigheidsomgewing wanneer Suid-Afrika 'n leidende rol speel in onderhandelinge tussen ontwikkelende en ontwikkelde lande ten opsigte van subsidies.

A ekonomiese-

B globale-

C regs-

D politiese- (2)

1.1.7 'n Mikrogolfoond se prys is gemerk teen R 1 245.00. Dit is die ... waarde van die mikrogolfoond.

A boek

B mark

C vervangings

D oordrag (2)

1.1.8 Die bestuur van 'n motorprodusent in Japan het geglo dat die produksie van wol mag inkomste genereer en dit gesien as 'n geleentheid om besigheid te doen deur 'n plantasie en boerdery afdeling op te rig om hul sakeryk te vergroot in 'n proses genaamd:

A. Konsentriese diversifisering

B. Besigheidsafplatting

C. Konglomerate diversifisering

D. Winsgenerering (2)

1.1.9 Pieter is die eienaar van ‘n slaghuis in Polokwane. Hy is ‘n entrepreneur en sy hoofdoelwit moet wees om …

A daarna te streef om wins te maak.

B kreatiwiteit te innoveer.

C verandering te bewerkstellig.

D besluite te neem wat beide die ekonomie beïnvloed sowel as om welvaart vir die hele gemeenskap te verseker. (2)

1.1.10 Watter een van die volgende is noodsaaklik vir effektiewe spanwerk in die werksplek?

A Erken indiwiduele voorkeure, luister,samewerking, duidelike riglyne voorsien.

B Beskik oor duidelike riglyne, luister, samewerking, deel ‘n besluitnemingsproses.

C Luister, deel ‘n besluitnenemingsproses, weerhouding van inligting.

D Beskik oor duidelike riglyne, samewerking, oorheersing van bespreking. (2)

(20)

1.2 Gee EEN WOORD vir elk van die volgende. Skryf slegs die korrekte woord teenoor die toepaslike vraagnommer neer.

1.2.1 ‘n Land voer sy oortollige produkte of verouderde produkte uit na ‘n ander land. (2)

1.2.2 'n Stelsel in 'n land waar die regering ‘n sekere persentasie betaal aan boere of ander ondernemings vir die insetkostes wat hulle aangaan om hul ondernemings te bedryf. (2)

1.2.3 Die koers waarteen handelsbanke geld by die Reserwebank leen. (2)

1.2.4 'n Bydrae tot die fonds sal mense wat in 'n ongeluk op openbare paaie in Suid-Afrika beseer is, kompenseer wanneer daar agterlosigheid was deur ander padgebruikers. (2)

1.2.5 Die manier van onderhandeling is tydrowend, maar ‘n voordeel daarvan is dat beide partye ‘n regverdige kans het om hul kant van die saak te stel. (2)

**[10]**

**VRAAG 1.3**
Kies 'n begrip uit kolom B wat die beskrywing in kolom A pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) neer in die antwoordboek bv. 1.3.6 A

| | |
|---|---|
| 1.2.1 'n Sistematiese plan van aksie om die doelwitte van die onderneming te bereik | A. Kollektiewe onderhandeling |
| 1.2.2 'n Aandeelhouer ontvang vergoeding in die formaat | B. Strategie |
| 1.2.3 Tegnieke soos gedwonge assosiasie, groepsbesprekings en kopkartering/ 'mind mapping'. | C. Dividend |
| 1.3.4 Verkry eienaarskap of verhoogde beheer van verspreiders of kleinhandelaars. | D. Rente |
| 1.3.5 'n Bestuurder by 'n besigheid gee instruksies aan werkers sonder om vir insette deur hul vra. | E. Kreatiewe denke. |
| | F. Voorwaartse integrering |
| | G. Terugwaartse integrering |
| | H. Outokratiese bestuursstyl |
| | I. Demokratiese bestuurstyl |

5 x 2 = (10)

**TOTAAL AFDELING A = [40]**

**AFDELING B (ANTWOORD AL DIE VRAE)**

**VRAAG 2**
2.1 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat daaro volg.

**MPUMALANGA VERVOERDIENSTE**

In 2000 het Johan en Dickson 'n vervoermaatskappy in Nelspruit begin. Hulle het 'n lening by Standard Bank daarvoor aangegaan.

Gedurende Februarie 2000 het die President van die Reserwebank die rentekoers met 2% (twee honderdbasispunte) verhoog. In April het die energiereguleerder die prys van brandstof met 39 sent per liter verhoog. Die rede vir die verhoging is die hoër pryse vir die ru-olie op die wêreldmarkte.

| |
|---|
| Mpumalanga Vervoerdienste moes hul tarief verhoog na R5 per kilometer.Die Department van Gesondheid het daarop aan Mpumalanga Vervoerdienste kennis gegee dat hulle voortaan van die dienste van 'n ander vervoermaatskappy gebruik gaan maak. Die ander vervoermaatskappy, Bethal Vervoer, vra 'n tarief van R4 per kilometer. |

2.1.1 As die rekenmeester van die onderneming, identifiseer die drie uitdagings wat die vervoeronderneming in die gesig staar en klassifiseer elk volgens die besigheidsomgewing. (6)

2.1.2 Identifiseer die besigheidsekor waarin Mpumalanga Vervoerdienste optree. (2)

2.1.3 Verklaar die mate van beheer waaroor Mpumalanga Vervoerdienste beskik oor die drie besigheidsomgewings in die sektor geïdentifiseer in vraag 2.1.2. Gebruik praktiese maniere of strategieë om jou antwoord te ondersteun. (12)

2.2 Bespreek die hoof doelstellings van die volgende wette: :

2.2.1 Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995) (8)
2.2.2 Wet op Gelyke Indiensneming (Wet 55 van 1998) (8)

2.3 Noem TWEE maniere waarop die petrolprys 'n onderneming kan beïnvloed (4)

2.4 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:


| |
|---|
| **Thandi Tholo is** 'n bouer wat vir haarself werk en sy doen ook klein algemene instandhoudingstakies. Sy maak gebruik van tydelike werkers indien sy 'n werk kry wat te groot is om op haar eie te doen. Haar eggenoot, Jabu, is 'n boekhouer. Thandi betaal kontant vir al die boumateriaal wat sy benodig. Sy ontvang 'n klein korting vir die aankope by die plaaslike bouhandelaar. Sommig van haar kliënte betaal kontant en Jabu stuur rekeninge aan die ander kliënte. 'n Paar rekeninghouers betaal stiptelik maar Thandi moet soms maande wag vir die ander om haar te betaal. Thandi het 'n klein oortrokke bankrekening wat haar in staat stel om haar maandelikse rekeninge te betaal. Drie maande gelede het sy by haar bank aansoek gedoen om die oortrokke fasiliteit te verhoog. |

2.4.1 Thandi nader jou om haar te adviseer oor maniere om die finansiële probleme op te los wat haar beisheid in die gesig staar. Verduidelik hoe jy die die krag-veld/'force-field' probleem-oplossingstegniek sal gebruik om Thandi se finansiële probleme op te los. (10)

2.5 Onderskei tussen 'n bestuurder en 'n leier. (10)
[60]

## VRAAG 3

3.1 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat daarop volg:




3.1.1 Hoeveel voertuie is gedurende April verkoop? (2)

3.1.2 Watter fabrikaat/vervaardiger het die meeste voertuie verkoop? Hoeveel eenhede is verkoop deur die vervaardiger? (4)

3.1.3 Watter vervaardiger het die tweede meeste voertuie verkoop? Hoeveel eenhede is verkoop deur die vervaardiger? (4)

3.1.4 Watter internasionale ekonomiese gebeurtenis dra by tot die skerp daling in voertuigverkope? (2)

(12)

3.2 Bestudeer die onderstaande gevallestudie wat betrekking het op Pick 'n Pay en beantwoord die vrae wat daarop volg:

**GEBASEER OP BEGINSELS – CHRIS GILMOUR**

Pick 'n Pay het die beste presteerende aandeel op die aandelebeurs die afgelope 35 jaar. Sedert 1968 het die maatskappy ook nie 'n dividend betaling oorgeslaan nie. Die rede vir die sukses van die maatskappy is gebaseer op die basiese beginsel van en ook bekend as, die vier pote van die tafel. Die pote is sterk administrasie en kontantvloei, puik verkope, uitstaande personeel en korporatiewe sosiale belegging. Aanmoediging van personeel-ontwikkeling en die bevordering van personeel vanuit die maatskappy se personeelkorps is kern beginsels. Werknemer voordele sluit in kraamverlof en 'n aandeelaansporings skema, kompeterende salarisse asook dat die terme en voorwaardes vir indiensneming behoorlik gevestig is.

Volgens Ackerman, is hulle verantwoordelik aan die gemeenskap en gee om vir mense. Hulle het ook onlangs die Winterveld Plaasskema geloods waarvolgens die maatskappy 10 boorgate vir kleinboere Noord van Pretoria toegerus het om suksesvol vrugte en groente te verbou.

Pick 'n Pay besit 438 maatskappy-gedrewe winkels asook Score-kruidenierswinkels in Suid-Afrika en 78 winkels, bekend as Franklin, in Australië. Die Franklins het nog nie na behore presteer nie en Ackerman verwag dat die winkels in 2006 gelyk sal breek. Pick 'n Pay het die Franklin's in 2001 bekom en in 2003 het die groep 'n verlies van R84m getoon. In 2006 is 'n verlies van R42m aangeteken. Raymond Ackerman glo baie sterk daarin om die regte ding te doen.

Gedurende die apartheidsjare was Ackerman 'n kampvegter vir die reg van swartmentse om eiendom te besit in stedelike gebiede. Ackerman het ook brandstof goedkoper verkoop ten spyte van die moontlikheid van arrestasie. Ackerman plaas ook groter klem op verbruiker ondersteuning as om winste te maksimaliseer. Tydens tydperke met hoë inflasie het hy ook die pryse van sy handelsware verlaag ten einde welwillendheid op te bou.

Bron: Financial Mail, 24 November 2005, pp.20 - 23
Herdruk met goedkeuring van Johncom(Financial Mail)

3.2.1. Lys VYF kenmerke van entrepreneurs wat deur Mnr Raymond Ackerman gemeld word en gee 'n voorbeeld vir elk uit die gevallestudie. (10)

3.2.2. Identifiseer DRIE suksesfaktore van Pick 'n Pay in Suid-Afrika uit die gevallestudie. (6)

[16]

3.3 Lees die beskrywings wat hierna volg. Drie moontlike antwoorde verskyn in hakies by elk. Kies die regte antwoord en skryf dit langs die vraagnommer neer.

3.3.1 Die vorm van skadeloosstelling word gewoonlik gebruik wanneer oor-versekering plaasgevind het.
(sessie/herinbesitstelling/ subrogasie) (2)

3.3.2 Versekeringsmaatskappye is soms nie in staat om groot risiko's op hulle eie te dra nie en dan versprei hulle die risiko.
(herinbesitstelling/herversekering/versekerbare belang) (2)

3.3.3 Een van die basiese vereistes vir 'n geldige versekeringskontrak.
(goeie trou/skadeloosstelling/subrogasie) (2)

3.3.4 Thulare BK het omvattende versekering vir R600 000 by Old Mutual uitgeneem vir al hul bates. Tydens 'n inbraak is R30 000 se voorraad gesteel. Die assessor het die waarde van die bates tydens die inbraak op
R900 000 vasgestel. Vir watter deel van die verlies is Thulare BK self aanspreeklik?
(R20 000 / R10 000 / R15 000) (2)

3.3.5 Bereken die maandelikse premie vir JOHPIL LTD indien die versekerde bedrag R650 000 is met die tarief 25c per R100.
(R26 000 / R1625 / 1625c) (2)
[10]

3.4 Veronderstel jy is die bestuurder van 'n onderneming. 'n Toesighouer raporteer dat twee dames in die adminsitratiewe afdeling baklei oor die gebruik van 'n rekenaar.

Beskryf VYF stappe wat jy as bestuurder kan toepas om die konflik in die werksplek op te los. (10)

3.5 Onderskei tussen:
3.5.1 Enkelvoudige rente (4)
3.5.2 Saamgestelde rente (4)
[8]

3.6 Omskryf die begrip 'versekerbare belang'. (4)
[60]

**VRAAG 4**

4.1 Jy is onlangs by 'n staalfabriek in diens geneem as 'n ketelmaker. Jou medewerkers raai jou aan om by die vakbond aan te sluit.

Noem VYF redes wat jou sal motiveer om by die vakbond aan te sluit. (10)

4.2 Wat word bedoel met die begrip "kwaltiteitsgaping" verstaan. (6)

4.3 Bestudeer die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> **WAYPAD KONSTRUKSIE** is betrokke by die bou van infrastruktuur soos paaie ter voorbereiding van die stadions vir die Wêreldbekersokker in Suid-Afrika in 2010. Hulle moet meer werknemers indiens neem wat oor sekere vaardigheide beskik om gespresialiseerde take suksesvol af te handel. Juis om die rede is die aanstelling van geskikte personeel van groot belang.

4.3.1 Sodra die nuwe werknemers aangestel is, moet 'n dienskontrak opgestel word. Verklaar wat so 'n dienskontrak behoort te behels. (12)

4.3.2 Wat is die pligte van 'n werknemer met 'n kontrak met sy werkgewer? (10)
[22]

4.4 Katagoriseer die drie vorms waarin arbeidsverhoudinge in die werkplek voorkom. (12)

4.5 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vraag wat daarop volg:

> Malcolm erf R1.5m van sy oupa se boedel. Hy nader sy bank om die bedrag te belê. Die bank bied aan om sy geld te belê teen 8% saamgestelde rente.

Bereken die totale bedrag wat Malcom aan die einde van die termyn sal ontvang. Wat was die totale bedrag rente wat Malcolm verdien het tydens die beleggingstydperk?Toon al jou berekeninge. (10)
[60]

**TOTAAL VIR ADELING B = 180**

**AFDELING C (ANTWOORD ENIGE (2) VRAE)**

**VRAAG 5**

| |
|---|
| **KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID(KSV)** het 'n belangrike deel van die besigheid in Suid-Afrika geword in die stryd teen armoede. Besighede streef daarna dat hul aktiwiteite soveel mense as moontlik bevoordeel en dan ook terselfdertyd word stabiliteit en sekuriteit vir die toekomstige geslagte verseker. 'n Deel van hul jaarlikse wins word aan KSV spandeer. |

Analiseer die aard en prosedure van korporatiewe sosiale belegging (KSI).Illustreer hoe dit werk en bespreek die voordele en probleme wat KSI vir beide die besigheid en gemeeskap inhou. Maak gebruik van komtemporêre voorbeelde om jou antwoord te illustreer.

(40)

**VRAAG 6**

| |
|---|
| Phumzile het 'n groot bedrag geld in die nasionale lottery gewen. Sy wil die geld gebruik om 'n bydrae te maak om die toenemende werkloosheid in Suid-Afrika te verlig. Sy is nou gereed om haar eie onderneming te stig en 'n verskil te maak. Sy wil deel wees van die besluitneming en wil nie die risiko loop om haar persoonlike besittings te verloor nie. |

Met inagneming van die bogenoemde scenario maak gebruik van die onderskeie faktore wat die keuse van 'n ondernemingsvorm sal beïnvloed. Identifiseer en motiveer die ondernemingsvorm wat Phumzile behoort te kies met inagneming van die suksesfaktore wat tot voordeel van haar besigheid sal wees.

(40)

**VRAAG 7**

| |
|---|
| Ondernemings is dit eens dat etiese en professionele gedrag belangrike aspekte in die besigheidsomgewings is. |

Bespreek die konsep van etiese gedrag en gebruik praktiese voorbeelde om die verskillende aspekte verbonde aan etiese en professionele gedrag te verduidelik. Verwys na die toepassing daarvan in die werkplek.

(40)

**VRAAG 8**

| |
|---|
| Vakbonde het hul oorsprong in die Industriële Rewolusie in Engeland. Deur 'n neiging tot negatiewe produktiwiteit, is die vakbonde deur die Britse regering onwettig verklaar. Die primêre fokus was op die lae lone en swak werksomstandighede in die werkplek. Daarna het die vakbondwese oor die hele wêreld versprei.<br><br>In 1919 het Clement Kidali 'n vakbond in die Kaap gestig. Daardeur is bewys hoe belangrik vakbonde is vir die werkers oral oor die wêreld. Tussen 1920 – 1990 het die Suid-Afrikaanse vakbonde stappe geneem om effektief op te tree. |

Bespreek die geskiedenis van die vakbondwese in Suid-Afrika deur die rol en funksies van vakbonde te bespreek, sowel as om uit te brei oor die wetgewing wat werkers se regte raak. Verduidelik die doelwitte, strategieë en aksies/optrede van vakbonde deur gebruik te maak van relevante voorbeelde.

(40)

**TOTAAL VIR AFDELING C = [80]**

**TOTAAL = 300**